

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 53: Ha'azinu – Luister!

*“Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor.
Deut.32:1 – PWL¹*

Torah: Deut. 32:1 tot 52.

Haftorah: 2 Samuel 22:1 tot 51

Nuwe Verbond: Open. 15:3; Efes. 5:26; Titus 3:5; Hebr. 10:22; 1 Kor. 10:4; 1 Pet. 2:6; Joh. 20:26 tot 21:25.

Vorige notas vir Parashah 53 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

The Scriptural meaning of peace never denotes the absence of trouble. Peace is not the absence of negatives but the presence of positives. יהוה's peace is inward and spiritual and never predicated by contrary circumstances or negative events. Neither poverty, sickness, death, nor debt, can override internal peace! – Unknown.

The value of life lies not in the length of days, but in the use we make of them – Michel de Montaigne.

The stories of past courage can offer hope, they can provide inspiration. But they cannot supply courage itself. For this each man must look into his own soul – JF Kennedy.

It is better to walk alone, than with a crowd going in the wrong direction! The Closer we get to יהוה the more Narrow The Path... The Fewer the Companions... Till We Stand Alone with Him... Our Elohim! Weigh the Cost - Pay the Price - Be Set-Apart!! – Gerald W Thomas.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing was gevul met gemengde emosie, want die tyd vir Mosheh om te sterf was naby (Deut. 31:14) en die tyd om afskeid te neem van die volk wat hy uit Mitzrayim (Egipte) en deur die wildernis gelei het, het aangebreek. Mosheh was ook hartseer dat hy nie saam met Yisra'el die Beloofde Land in besit kon neem nie. Y'hoshua, 'n man in wie die Gees was (Num. 27:18) het hierdie taak by Mosheh oorgeneem!

Maar Mosheh het nog een laaste opdrag gehad om uit te voer soos wat ons in verlede week se Torahskriflesing geleer het:

19 Skryf daarom nou hierdie lied vir julleself en leer dit vir die seuns van Yisra'el; sit dit op hulle lippe sodat hierdie lied vir My 'n getuie teen die seuns van Yisra'el kan wees,

20 want wanneer Ek hulle inbring in die land wat vloei met melk en heuning, wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het en hulle geëet het, versadig is en voorspoedig word; dan sal hulle afdraai na ander gode en dié dien en hulle sal My verwerp met veragting en My verbond verbreek;

21 dan sal dit gebeur dat, wanneer baie booshede en moeilikhede oor hulle kom, hierdie lied voor hulle sal getuig as 'n getuie, want dit sal nie vergeet word op die lippe van hulle nageslag nie, want Ek ken hulle bedoeling, wat hulle vandag ontwikkel, voordat Ek hulle ingebring het in die land wat Ek met 'n eed beloof het.”

Mosheh se Laaste Woorde

Hierdie laaste woorde van Mosheh is in die vorm van 'n profetiese lied (*shiyrah*) wat die kinders van Yisra'el, die nageslagte, moet leer (Deut. 31:19 tot 22). In die dae van ouds was dit dikwels die gebruik om dinge wat van gemeenskaplike belang en besorgdheid was in die vorm van 'n lied te komponeer om as herinnering (getuie) op die lippe van die nageslag te dien. Daarom is dit gebruik dat Joodse kinders *ha'azinu* (die lied van Moses) memoriseer met die doel om die lesse van hul voorgeslagte, veral die nuttelosheid van rebellie teen יהוה, by hulle in te skerp.

Dit herinner ons aan die woorde van Sha'ul toe hy in sy brief aan die Korinthiërs die volgende ten opsigte van Yisra'el van ouds geskryf het (1Kor. 10:6-12):

6 Hierdie dinge is 'n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie

7 en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: “Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.”

8 Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie.

9 Laat ons ook nie dié Gesalfde Een toets soos sommige van hulle getoets het en slange hulle vernietig het nie.

10 Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie.

11 Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom.

12 Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

Om in die einde van dae met vrymoedigheid in יהוה se Teenwoordigheid te staan en om staande in hierdie wêreld te bly, moet ons nie dieselfde foute as Yisra'el van ouds maak nie. Daarom is Sha'ul se woorde ook op ons van toepassing, naamlik: “elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.”

Met hierdie woorde bedoel Sha'ul dat ons elkeen seker moet maak dat ons יהוה se onpartydige opregtheid ken en doen, want dan sal ons in יהוה se Teenwoordigheid staan en in die einde van dae staande bly. Daarom moet ons seker maak dat ons nie ons eie onpartydige opregtheid oprig nie!

In verlede week se Torahskriflesing (Nitzavim) het ons geleer dat die openingvers (Deut. 29:9) ook soos volg op ons van toepassing is:

Onderhou (*sh'mar* – luister met die doel om daarvolgens te reageer) **dan die woorde** (*dabar* – Yeshua is die Woord) **van hierdie verbond** (van die Torah van die nuwe verbond) **en volbring dit** (*asah* – handel nougeset daarvolgens), **sodat julle voorspoedig** (*sakal* – met wysheid en insig) **kan uitvoer alles wat julle doen.**

Elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde van God is, moet ook luister na die woorde van יהוה se Torah soos dit in die die nuwe verbond deur Yeshua vervolmaak is. Dit is om te luister met die begeerte om nougeset daarvolgens te handel, want dan sal ons voorspoedig wees in alles wat ons doen!

Daarom is dit gepas dat hierdie voorlaaste Torahskriflesing, *Ha'azinu*, begin met die woorde:

Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor.
Deut. 32:1.

Ha'azinu (אזינו) se grondwoord is *azan* (אזן) en beteken om bakoor te maak, naamlik om jou oor te ‘vergroot’ deur bakhand agter jou oor te maak. Dit beteken om as te ware jou oor te gee om te luister en te hoor. *Luister* in Hebreeus is *sh'ma* en is om met toegewyde aandag te hoor wat gesê word met die doel om te verstaan sodat dit gedoen kan word. In hierdie verband beteken dit om jou geestelike ore oop te maak – om ontvanklik te wees vir die Woorde van יהוה en om ‘n leerbare gees te hê.

Bepeins en Bespreek

1. Die grootste misleiding is die misleiding van die oprigting van eie onpartydige opregtheid (Rom. 10:2 en 3). Voorbeeld: Vergelyking van kerswas en potklei in son – dieselfde son (die Woord) het verskillende reaksies tot gevolg – potklei word hard en kerswas word sag. Is jy soos potklei van hardkoppigheid (eie onpartydige opregtheid) of soos kerswas wat deur die Woord sag word om gevorm te word tot ‘n kers wat kan brand en die lig van יהוה se onpartydige opregtheid uitstraal?

Die Lied van Mosheh

Mosheh vergelyk Yisra'el met jong gras en met kruie, terwyl יהוה se woord, Sy Torah, die lewegewende water is.

- 1 “Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor.
- 2 Laat my lering drup soos die reën, my woord kondenseer soos die dou, soos die druppels op die jong gras en soos die stortreën op die kruie, Deut. 32:1-2.

Torah is soos sagte deurdringende reën wat die grond ontvanklik maak vir die goeie saad van die Landbouer en wat die goeie saad (Torah) laat groei. Sha'ul gebruik ook 'n soortgelyke sinnebeeld in 1Kor. 3:6-7:

6 Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.

7 So is hy wat plant of hy wat natmaak dus niks nie, maar God wat laat groei.

Ons moet daaglik met Vader se liefdevolle onderrig en instruksies gevoed word. Dit is die wassing met die Woord waarmee ons gereinig en afgesonder word (Ef. 5:26). Torah is die dou en die reën wat ons gees en siel voed sodat ons tot geestelike volwassenheid kan groei soos Yeshua aan Sy studentevolginge gesê het: “wees volmaak, net soos julle Vader in die hemel volmaak is” (Matt. 5:48), naamlik volmaak in karakter en hoedanighede.

Yeshua is die Rots waaruit die lewende water vloei waarvan Yisra'el van ouds gedrink het (1Kor. 10:4) en ook vandag elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, se geestelike dors les.

maar elkeen wat sal drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat sal opspring tot die ewige lewe. Joh. 4:14.

Daarom bevat Mosheh se lied die volgende woorde:

Die Rots! Sy werke is volmaak, want al Sy metodes is regverdig; 'n Magtige God van vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Opreg is Hy. Deut. 32:4

Sy *metodes* is יהוה se besluite, oordele en beslissings en is regverdig en wanneer ons daarvolgens lewe sal ons Vader-God se seëninge deelagtig wees.

Yeshua, dié Gesalfde Een, is ook die Rots waarop die vergadering van uitgeroepes gebou word.

15 Hy sê vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?”

16 Shim'on Kefa antwoord en sê: “U is dié Gesalfde Een, die Seun van die Lewende God.”

17 Yeshua antwoord en sê vir hom: “Jy is geseënd, Shim'on, seun van Yoganan, want vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie, maar My Vader wat in die hemel is

18 en Ek sê verder vir jou: ‘Jy is Kefa. Op Hierdie Rots sal Ek My vergadering van uitgeroepes bou en die hekke van Sh'ol sal nie daarteen kan staan nie. Matt. 16:15-18.

Hierdie vergadering van uitgeroepes is Yisra'el van die nuwe vebrond en is die gebou van יהוה-God (Efes. 2:20-22).

20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

Yeshua is die Rots, maar ook die fondament waarop יהוה se tempel (Sy Koninkryk) gebou word!

want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie – dit is Yeshua, dié Gesalfde Een. 1Kor. 3:11.

Elkeen in Yeshua is 'n lewende steen in hierdie geestelike tempel (1Pet. 2:5).

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een.

Die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal was volkome. Daarom is Yeshua die Rots en die Fondament waarop ons ons geloofsluwe bou (1 Kor. 3:10-15). Hierdie Rots waarop die Fondament gegiet word, en die geestelike tempel gebou word, sal in die storms van hierdie lewe staande bly (Luk. 6:48-49).

Ons sal dikwels in die aangesig van beproewing en hartseer “verlei” word om uit te roep “hoekom?” in plaas daarvan om op daardie onbeweegbare Rots te staan.

Bepeins of Bespreek

1. Beproewinge en hartseer is egter dikwels 'n bedekte seën. Dit wat ons graag wil hê (voor vra en bid) is nie noodwendig altyd beter vir ons nie. Hoe weet ons dit sal beter vir ons wees? Omdat ons dit so wil hê? Indien iets beter vir jou en my sou wees, dan sal Vader dit tog vir ons gee, want Hy is *vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Opreg is Hy*. Beteken dit ons moet ophou om ons omstandighede te wil verbeter? Moet ons al die beloftes van Vader se seëninge vergeet? Nee, maar ons moet ook besef dat soms is ons huidige omstandighede beter vir ons soos dit is. Verwys Kol. 3:15; 1 Thess. 5:16 tot 18; Fil. 4:7. Alles werk ten goede mee vir die wat die Vader liefhet (Rom. 8:28).
2. Dikwels gee ons Satan die skuld vir ons omstandighede. Deur dit te sê, onthef ons onself van eige moontlike aandeel (aanspreeklikheid) en sê ons indirek dat Satan magtiger as יהוה is. Onthou: Ons kan Satan alleenlik effektief weerstaan deur gehoorsaamheid aan Torah (Jak. 4:7).

Haftorah Bespreking (2 Samuel 22:1-51)

Dawid Se Loflied En Danklied

In die Torah gedeelte van hierdie week se Skriflesing het ons geleer van die lied van Moses en in ons Haftorah gedeelte leer ons van Dawid se lof- en danklied.

Dawid het die woorde van hierdie lied tot יהוה gespreek op die dag toe יהוה hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha'ul. 2 Sam. 22:1.

Die verband tussen die Torah- en Haftorahskriflesings is dus duidelik. Hierdie Haftorah word ook gelees gedurende die tyd van die laaste drie Vasgestelde Tye (feesseisoen) wat 'n profetiese heenwysing van Yeshua se wederkoms is, asook van יהוה se oordeel en van die Millennium. Vir die gelowige in Yeshua, wat die getuienis van Torahgehoorsaamheid het, is die laaste feesseisoen ook 'n lied van lof en danksegging.

Die woorde van Dawid se lied in 2 Sam. 22:1-51 stem tot 'n groot mate ooreen met Psalm 18 wat ook 'n danklied van Dawid na die oorwinning oor sy vyande is.

¹ Vir die musiekleier; van Dawid, die dienskneg van יהוה, wat die woorde van hierdie lied tot יהוה gesê het op die dag toe יהוה hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha'ul. Hy het gesê: “Ek het U lief, יהוה, my Sterkte en Vertroue.

² יהוה is my Rots, my Vesting en my Bevryder. My Magtige God is my Helper by wie ek skuil, my Skild en die Horing van my verlossing, my Vesting.

³ Lofwaardig is יהוה, waarop ek my beroep en so word ek van my vyande verlos.

Die regverdige sal altyd baie vyande hê, asook dikwels teenspoed ondervind, maar kan verseker wees dat יהוה hom altyd sal red!

Die teistering van die regverdige is baie, maar יהוה bevry hom uit almal. Ps. 34:19

¹⁷ My Meester het my egter ondersteun en my in staat gestel sodat deur my die verkondiging heeltemal voltooi kan word en al die ander nasies kan hoor dat ek uit die bek van die leeu bevry is

¹⁸ en my Meester sal my bevry van elke bose daad en sal aan my Lewe gee in Sy Koninkryk, wat in die hemel is, want tot Hom is die eer, lof en grootheid vir tydllose ewigheid! Dit is waar. 2Tim. 4:17-18.

In tye van benoudhede roep ons dikwels hardop tot יהוה en daarom moet ons in oomblikke van onverdiende guns ook hardop יהוה met 'n lof- en danklied prys.

Dawid se fokus was nie op sy vyande nie, maar op יהוה se onverdiende guns van redding, beskerming en voorsiening. Dit het Dawid reeds vroeg in sy lewe as skaapwagter geleer toe יהוה hom gered het uit die klou van die leeu en die beer en toe hy Golyat verslaan het. Dawid het יהוה as sy getroue Verbondsgod geken en hy het die doel en betekenis van 'n verbond verstaan. Op grond van die verbond met יהוה het Dawid die vertroue gehad om Golyat aan te durf. Hierdie feit is veral duidelik in Dawid se optrede teenoor Golyat soos dit opgeteken staan in 1 Samuel hoofstuk 17.

In 1Samuel 16:18 word daar na Dawid verwys as 'n magtige, dapper man, 'n krygsman, wys in spraak.

Toe sê een van die diensknegte: “Let op, ek het 'n seun van Yishai, die BeitLegemiet, gesien wat 'n bekwame musikant is, 'n magtige, dapper man, 'n krygsman, wys in spraak, 'n aantreklike man en יהוה is by hom.”

Dawid self beskryf sy dapperheid aan Sha'ul toe hy hom meedeel dat hy as skaapwagter die leeu en beer wat die skape steel man alleen van kant gemaak het (1Sam. 17:34-36). Dawid was in sy gemoed oortuig dat יהוה hom op dieselfde wyse sou bystaan wanneer hy Golyat aandurf.

Dawid het ook gesê: “יהוה wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hy sal my bevry uit die hand van hierdie F'lishtyn.” 1Sam. 17:37.

Wat was die rede vir Dawid se dapperheid? Hoekom het Dawid kans gesien vir die leeu, die beer en selfs vir Golyat? Die antwoord is baie eenvoudig: Dawid het geweet dat hy deel is van die verbond wat יהוה-God met Yisra'el het. Hy het derhalwe die beloftes en voorregte van hierdie verbond verstaan. Daarom het hy geweet dat enige iets of iemand wat nie in hierdie verbondsverhouding staan nie, 'n vyand van God is!

Dawid kon derhalwe op God se beskerming en ondersteuning staatmaak, want Golyat en die F'lishtyne het buite die verbond met God gestaan. Dat Dawid dit so ingesien het, is duidelik uit sy woorde aan die manskappe van Yisra'el, Sha'ul en selfs aan Golyat:

Toe praat Dawid met die manne wat by hom staan en sê: “Wat sal vir die man gedoen word wat hierdie F’lishtyn doodmaak en die smaad van Yisra’el af wegvat? Wie is hierdie onbesnede F’lishtyn dat hy die leërmagte van die lewende God uittart?” 1Sam. 17:26.

U dienskneg het beide die leeu en die beer doodgemaak en hierdie onbesnede F’lishtyn sal soos een van hulle wees, aangesien hy die leër van die lewende God uitgetart het.” 1Sam. 17:36.

Deur dat Dawid telkens na Golyat verwys as die “onbesnede F’lishtyn”, sê hy in werklikheid: “Golyat die een sonder die verbond met God”. Die gevolge wat dit vir Golyat inhou, is duidelik volgens die woorde van Dawid aan hom:

45 Toe sê Dawid vir die F’lishtyn: “Jy kom na my toe met ’n swaard, ’n spies en ’n lans, maar ek kom na jou toe in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה-Tzva’ot, die God van die leërs van Yisra’el, wat jy uitgetart het.

46 Vandag sal יהוה jou in my hand oorlewer en ek sal jou neerslaan en jou kop van jou af verwyder en ek sal vandag die lyke van die leër van die F’lishtyne vir die voëls van die lug en die wilde diere van die aarde gee sodat die hele aarde kan weet dat daar ’n God in Yisra’el is

47 en dat hierdie hele menigte mag weet dat יהוה nie deur swaard en spies bevry nie, want die geveg behoort aan יהוה en Hy sal julle in ons hand gee.” 1 Sam. 17:45 tot 47.

In vers 47 sê Dawid dat hierdie nie ’n stryd tussen hom en Golyat is nie, maar ’n stryd tussen יהוה en Golyat. Dawid is bloot die instrument in God se hand. יהוה behaal nie die oorwinning met die swaard nie, maar deur middel van sy dienaar Dawid wat die verbondbeloftes en die doel en betekenis van ’n verbond verstaan.

Maar יהוה het Dawid van sy vyande gered omrede Dawid ook die voorwaardes van die verbond nagekom het. Hierdie voorwaardes is gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, naamlik om al die lewenswyses van יהוה – Sy instellings – te hou en om nie boos op te tree teenoor God nie.

20 Hy het my ook uitgebring in ’n ruim plek in, Hy het my gered omdat Hy behae in my gehad het.

21 ym nav diehier eid sneglov ;dichtgerpo egidytrapno ym sneglov nooleb ym teh יהוה hande het Hy my vergoed,

22 want ek het al die lewenswyses van יהוה gehou en nie boos opgetree teenoor my God nie,

23 want al Sy instellings was voor my en van Sy voorskrifte het ek nie afgewyk nie.

24 Ek was ook skuldloos teenoor Hom en ek het myself weerhou van oortreding van die wet;

25 daarom het יהוה my vergoed volgens my onpartydige opregtheid, volgens my reinheid voor Sy oë. 2Sam. 22:20-25.

Die geskiedenis van Dawid en Golyat dien as herinnering dat ons as deelgenote van die nuwe verbond in Yeshua ook vreesloos ons “vyande” kan aandurf. Maar dit vereis ook dat ons soos Dawid die doel, betekenis en die beloftes van die nuwe verbond moet verstaan, asook die voorwaardes daarvan, naamlik gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, na moet kom!

Dan sal ons ook soos Dawid kan jubel dat יהוה ons God ons sal red omdat Hy behae in ons het en sal Hy ons beloon volgens ons onpartydige opregtheid; volgens die reinheid van ons hande sal Hy ons vergoed!

Maar in 2Sam. 22:1 leer ons ook 'n baie belangrike les aangaande Dawid, naamlik dat hy op dieselfde dag wat יהוה hom van sy vyande gered het die woorde van hierdie lied tot יהוה gesing het. In die verband skryf Henry Matthew (Complete Commentary on the Bible) die volgende:

We ought to be speedy in our thankful returns to God: In the day that God delivered him he sang this song. While the mercy is fresh, and our devout affections are most excited by it, let the thank-offering be brought, that it may be kindled with the fire of those affections.

Laat ons ook gedurende hierdie Vasgestelde Tye van יהוה 'n loffer tot ons God en Vader bring vir Sy onverdiende guns in Yeshua!

47 יהוה leef! Geseënd is my Rots. Laat God verhewe wees, die Rots van my verlossing;
 48 die God wat die wraak vir my uitoefen en volke onder my onderwerp,
 49 wat my ook uitbring onder my vyande; U lig my selfs op bo dié wat teen my opstaan;
 U red my van die man van geweld;
 50 daarom sal ek aan U, o יהוה, dank bring tussen die nasies en ek sal lofprysing sing tot
 U Naam (Karakter en Outoriteit);
 51 Hy is 'n toring van bevryding vir Sy koning en wys sagte omgee aan Sy gesalfde, aan
 Dawid en sy nageslag vir ewig." 2Sam. 22:47-51.

In die verband moet ons ook die volgende waarheid onthou: *Joy is the simplest form of showing gratitude.*

Bepeins of Bespreek

1. Sha'ul het Dawid gehaat tot die mate dat hy hom wou doodmaak, en tog het Dawid nie Sha'ul as vyand beskou nie. Is daar die 'vyande' wat ons moet 'doodmaak' en dan ook die 'Sha'uls' in ons lewe wat ons aan God oorlaat om ooreenkomstig Sy besluit en op Sy tyd te oordeel?
2. Ons moet daaglik 'n Yom Teruah gesindheid openbaar, naamlik luidkeels aankondig dat ons Meester en Koning wat reeds die oorwinning namens ons behaal het, weer kom! Hoe kan ons bewyslewer van ons dankbaarheid vir elke oorwinning wat ons in die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua behaal het? Verwys Rom. 6:13 en 12:1-2.

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
 Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.